Noordelike Sinode

TAAKSPAN KLEIN GEMEENTES
Verslag

1. Opdrag

Om ‘n netwerk te stig waar gemeentes met minder as 100 lidmate, asook gemeentes wat nie meer ‘n predikant kan bekostig nie, gereeld met mekaar gesprek kan voer

2. Taakspan

Taakspanleier: Hannes Peens
Taakspanlid: Carl Louwrens

3. Uitvoering van die opdrag

Nog voordat die taakspan behoorlik saamgestel kon word en konstitueer, het die taakspan bewus gerword daarvan die Oostelike Sinode, o.l.v. Francois Retief, hulle vorige Uitvoerende Beampte. ‘n intensiewe proses rakende Klein Gemeentes van stapel gestuur het. Daar is dus besluit om deel te word van hierdie proses. Beide Hannes en Carl, was dus deel van Francois se span. Die resultaat van hierdie ondersoek word as ‘n **aanhangsel** hierby aangeheg.

Verder het die Ring van Pietpotgietersrus, op inisiatief van Hannes, vir Frederick Marais, van die Wes-Kaap, na hulle ringsitting genooi om ‘n kort werkswinkel oor Klein Gemeentes te fasiliteer.

4. Verdere optrede

Die verslag van Oostelike Sinode is dus tot die beskikking van gemeentes en ringe vir verdere nadenke en implimentering.